

Maandag

Joh.5:18 – 47; 1 Joh 4:7-11;15,16. Joh. 5: 33 Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie. In Joh. 5 kry ons kry ons die eerste keer die rede hoekom die Jode Christus doodgemaak het: omdat Hy volgens hulle op voorbarige wyse Homself met God gelykgestel het. Tydens Jesus se verhoor is dit die uitdruklike rede: “7 Die Jode sê toe vir hom (Pilatus): Ons het ’n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat Hy Hom as Seun van God voorgedoen het.” (Joh.19) Hulle beskuldig Jesus dat Hy Homself met God gelykstel, bedoelende Homself as goddelik, sóos God, voorhou. Jesus se antwoord teenoor hierdie beskuldiging is dat Hy Homself nie met God gelykstel of Homself goddelik vóórhou nie, Hy ís God self. Só openbaar Hy Homself in 5:33. Hy moet as God, een met die Vader, geëer word. En wie Christus nie as God vereer nie, het geen eer vir God nie. Dit bevestig Christus in hoofstuk 8: 58: “Jesus het hulle geantwoord: “Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.” Met hierdie uitspraak wys Christus dat Hy self God is wat vir Moses in Exodus 3:14 gesê het: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” Jesus is nie ’n Persoon soos God nie, nie ’n Persoon naby God of ’n Persoon tussen ons en God nie. Jesus ís God. Hy is self as Seun Skepper van die hemel en die aarde. Wie Hom nie as die Skepper eer nie, het geen eer vir God nie, want Hy is self God. “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. ... Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Joh.5:18 – 47; 1 Joh 4:7-11;15,16. Christus moet geëer word net soos die Vader geëer word. Hy moet as God, een met die Vader geken en vertrou word. Dit is ’n heeltemal ander soort eer as wat mense vir Christus wil gee. Daarom stel Christus: ““Ek is nie gesteld op die eer wat mense bewys nie.”(5: 41) Met hierdie woorde wys die Here dat Hy die tipe eer wat mense aan Hom gee, verwerp. Hy aanvaar nie die plek of betekenis wat mense in hulle lewe vir Hom wil gee nie. Jesus wou nie die Messias wees wat die Jode wou gehad nie. Hulle het Hom geëer as een van die groot profete van die Ou Testament soos Jeremia, of as Johannes die Doper wat uit die dood uit opgestaan het en of as ’n krag van God. Dit is hierdie eerbetonings wat Christus noem die “eer wat mense bewys”, en hy verwerp dit. Daarmee verwerp Christus alle betekenis wat mense aan Hom wil gee. Christus maak God nie soos mense God wil hê nie en Hy is nie God soos mense in hulle lewe ’n plek aan God wil gee nie. Wat Hy as God doen is wat die Vader vir Hom wys wat om te doen. (5:22) Die “groter daad” wat Christus kom doen het, wat mense verbaas laat staan, (5:20) is dat Hy wat self God is, saam met ons ’n mens geword het (1:14), en vandag nog in die hemel is, sodat Hy as Gód self vir ons sondes as méns kon ly, gekruisig kon word en kon sterf en uit die dood uit kon opstaan. Mense wil nie die Vader en Seun as God vir hierdie groot daad eer nie. Mense wil ’n God hê aan wie hulle eer bewys omdat hulle verwag dat Hy hulle deel moet maak van sy goddelike krag en lewe.

Hulle wil nie 'n God hê wat saam met hulle mens is nie. Omdat God besluit het Hy is mens met ons, neem mense nie vir Christus aan en glo in hom nie. (1:11) Net Christus wat God is én mens met ons is, gee mense die reg om kinders van God te wees. (1:12) ds. Petrus.

Woensdag

Joh.5:18 – 47; 1 Joh 4:7-11;15,16. 11. Ons eer Christus soos die Vader só: “Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”(1 Joh. 4: 15,16) Ons eer Christus as God wanneer ons sý liefde vir ons ken en glo as Góð se liefde vir ons. Christus het NIE gekom om vir ons te WYS hoe almagtig, hoe naby of hoe liefdevol God is nie. Hy wys nie God nie. Hy ís God. Hy is God wat ons insluit en laat déél in sy liefde as God: “Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook vir hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My ... sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.” (Joh.17: 22, 23) Christus is God wat ons deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens, insluit in sý liefde as God vir ons. Eerbied vir die Seun en die Vader is nie in die eerste plek om die grootheid of die omvang van God se mag te ken nie, maar om te glo in die liefde waarin Hy ons insluit deur Christus. Eerbied vir die Seun is soos eerbied van kinders vir ouers. Ouers verwag nie van kinders om te weet wat dit hulle kos om alles te voorsien en 'n toekoms vir hulle te skep nie. Kinders kan dit nooit behoorlik weet, peil of hul ouers die erkenning daarvoor gee nie. Die eer wat ouers van kinders soek, is om hulle liefde as ouers te vertrou. Daarom eer ons die Seun net soos ons die Vader eer, wanneer ons in hierdie vertrouwe leef: “En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”(1 Joh. 4: 15,16) Ons ken en vertrou die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Christus as mens, as God die Seun en Vader se liefde waarin ons ingesluit is! Ons leef nie in die eerste plek in verwondering oor God se magtigheid nie, maar om die Seun te ken en in Hom te glo is om in die volheid en vervulling van God se liefde vir ons te leef. ds. Petrus.

Donderdag

Joh.5:18 – 47; 1 Joh 4:7-11;15,16. Gelowiges ken en vertrou Christus as God se liefde. (1 Joh.4:1) Christus se liefde waarin Hy ons insluit en laat leef, deur in ons plek vir ons sonde te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan, is God se volmaakte vir ons. In hierdie volmaakte liefde van Christus vir ons kan daar nooit weer enige vrees in ons vir God wees, dat ons nie goed nie of te sleg vir God se volmaakte liefde is nie. “Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.” (1 Joh. 4: 17-18). God se volkome liefde vir ons het, verbind ons innerlik om God met ons hele hart, siel en verstand lief te hê. “Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.” (1 Joh.4: 19) God se volmaakte as God vir ons skep ook in ons weer die liefde om mense as ons medemens lief te hê. (1 Joh.4:7) Dit is soos ouers wat hulle kinders liefhet en vir hulle kinders teenwoordige ouers is. Hierdie kinders ken ouerliefde en daarom soek hulle nie ouerliefde in hul maats nie. Hulle het hul

maats as maats lief, nie as alternatiewe ouers nie. Kinders wie se ouers afwesig is in hulle lewe, soek ouerliefde by hulle maats. Dit is hoe jeugbendes werk. In die jeugbende soek hulle in hul vriende die liefde van hul afwesige pa en ma. Dit is die eer wat mense volgens die Here op ingestel is om van mekaar te ontvang. (Joh. 5: 44) Mense wil in mekaar as mense die volmaakte liefde vind wat net God vir ons het, so asof God se liefde vir hulle afwesig is. Daarom het mense mekaar en nie vir God nie met hul hele hart, siel verstand en al hul kragte lief. Wie in God se volmaakte liefde leef, deur geloof in Christus, het God weer as God en mense as mense lief. ds. Petrus

Vrydag

Joh.5:18 – 47; 1 Joh 4:7-11;15,16. Christus wys dat mense die liefde wat mense vir God moet hê, vir mekaar opeis. Hy stel dit só: “Ek is nie gestel op die eer wat mense bewys nie, maar Ek ken julle en Ek weet dat julle nie die liefde vir God in julle het nie.”(Joh. 5:41) Die liefde vir God, om as mens jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte, aan God toe te wy, is nie in sondaarmense nie. Maar, hierdie liefde vir God is nie sommer net uit mense harte weg nie. Dit is nou die tipe liefde wat mense in hulle sonde vir hulself en mekaar het. Dit is die hart van die selfgenoegsame mens: om die algehele liefde wat GóD toekom vir hulself en mekaar te hê. Met hierdie hart leef mense met die valse geloofsbelydenisse: Ek leef nét vir my kinders, of nét vir my geliefde, of nét vir myself, of nét vir my eie mense, of nét vir geluk, of vir welvaart of vir vrede of wat ook al. Daarom wys Christus dat mense nie in Hom wil glo nie, want hulle soek nie “die eer wat van die enigste God af kom nie.” (Joh.5: 44) Die eer dat God jou as mens in sy volkome liefde insluit, wil hulle van mekaar ontvang, nie van God nie. Hierdie manier waarop mense hul self en mekaar só liefhet, is níé meer vervullend as om jou naaste soos jouself lief te hê nie (soos die Here verwag nie.) Hierdie algehele liefde vir en met mense, word valslik as liefde geglo, maar dit is mag. Om mense met die algehele liefde waarmee alleen God liefgehê moet word, is niks anders as die beslaglegging, besetting en besit van een mens deur ’n ander mens nie. Mense wat mekaar so lief het, besit mekaar. Gelowiges ken dit as verontmensliking. Wie egter die volkome liefde van God in Christus ken en glo, weet hy behoort nét aan God en kan nooit ’n ander mens se besitting wees of van ’n ander mens ’n besitting maak nie. Wie in die algehele liefde van God glo, vind mekaar as naaste deur op mekaar as mense aangewese te wees - nie om mekaar te besit nie. (1 Joh. 20) ds. Petrus